Hierdie suggestie het 24% seuns en 3% meisies uit die ppe. getrek, sodat beduidend meer seuns as meisies op feitlik al die leeftye voorkom. Ook hier skyn 'n misverstand moontlik, nl. dat die ppe. gemeen het dat dit vriende (-inne) van die teenoorgestelde geslag moet wees waarby die seuns jonger meisies as hulle self en die meisies ouer seuns as hulleself verlang.

(iv) <u>Samevatting: Hoe oud die intieme vriend(-in) van die eie geslag moet wees.</u>

Die meeste van ons ppe., seuns sowel as meisies, verkies dat hulle vertroude vriend(-in) van die eie geslag net so oud soos hulleself moet wees, m.a.w. uit dieselfde ouderdomsgroep. Waarskynlik dui dit op die belangrike plek wat die leeftydsgroep in die lewe van die adolessent inneem.

nl./...

nl. dat hy graag aan die vereistes van die leeftydsgroep wil voldoen en daarom graag 'n vriend(-in) uit die groep wil hê wat aan hom raad kan gee om binne daardie perke te bly. 'n Moontlike misverstand kon plaasgevind het as gevolg waarvan die meisies seuns wat ouer as hulleself is in gedagte gehad het terwyl seuns weer meisies wat jonger as hulle is in gedagte gehad het. Indien dit egter nie die geval is, verlang meisies waarskynlik 'n ouer persoon met meer ervaring as raadgeefster terwyl seuns moontlik om selfsugtige of ander redes verkies dat hierdie vriend jonger as hulleself moet wees en moontlik geen raad moet gee nie maar net moet goedkeur wat die ouer adolessent doen.

(e) Het die adolessent so 'n vertroude vriend(-in) van die eie geslag?

Tabel XXVI

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 36 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 36. Het u so 'n intieme vriend(-in) van die eie geslag?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 73 | 81 | 71 | 76 | 67 | 79 | 71 | 79 | 72 | 75 | 80 | 78 | 74 | 62 | 79 | 71 | 77 | 74 |
| ges- | b | 19 | 13 | 22 | 19 | 26 | 18 | 24 | 14 | 23 | 17 | 16 | 19 | 24 | 33 | 21 | 24 | 17 | 21 |
| ties | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

Of adolessente so 'n vertroude vriend(-in) van die eie geslag het, word aangetoon in tabel XXVI en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XXVI(a) en XXVI(b).

(i) Adolessente het so 'n intieme vriend(-in) van die eie geslag.

Sien bl. 184 vir tabel XXVI(a).

Die grootste persentasie ppe., nl. 71% seuns en 77% meisies, sê dat hulle wel so 'n intieme vriend(-in) van die eie geslag het. Meer meisies as seuns tot op 16

jaar/...

Tabel XXVI(a)

Reëelheid van verskille by vraag 36 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ja.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 73 81 | 71 | | 76 | 67 | | 79 | 71 | | 79 | 72 | | 75 | 80 | | 78 | 74 | | 62 | 79 | 71 | 77 | 74 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

jaar is deur hierdie suggestie getrek en beduidende verskille kom voor op ouderdomme 14 en 15 jaar. Tussen 16 en 17 jaar kom 'n beduidende styging by seuns voor. Die gegewens dui daarop dat meer meisies as seuns so 'n intieme vriend(-in) het en dus ook voldoen aan die behoefte wat hulle daaraan voel.

(ii) <u>Adolessente het nie so 'n intieme vriend(-in) van die eie geslag nie.</u>

Tabel XXVI(b)

Reëelheid van verskille by vraag 36 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nee.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 19 13 | 22 | | 19 | 26 | | 18 | 24 | | 14 | 23 | | 17 | 16 | | 19 | 24 | | 33 | 21 | 24 | 17 | 21 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | + | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | – | | + | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het 24% seuns en 17% meisies uit ons ppe. getrek. Meer seuns as meisies het nie so 'n intieme vriend(-in) nie en beduidende verskille kom voor op 14, 15 en 16 jaar. Tussen 14 en 15 jaar is 'n beduidende

daling/...

daling by meisies merkbaar en tussen 16 en 17 jaar 'n daling by seuns, waarskynlik omdat 'n vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag aan die behoefte voldoen.

(iii) Samevatting: Of adolessente 'n intieme vriend(-in) van die eie geslag het.

Die meeste adolessente besit 'n getroue intieme vriend(-in) van die eie geslag, hoewel meer meisies as seuns so 'n intieme vriend(-in) besit, 'n persoon wat hulle raad kan gee en op wie hulle peil kan trek in allerhande sake. Die kleiner persentasie uit die seuns dui moontlik op 'n groter behoefte aan sosiale verkeer by die meisies as by die seuns.

2. Die adolessent se verhouding tot lede van die teenoorgestelde geslag:

Adolessente staan ook in verhouding tot die teenoorgestelde geslag en hierdie verhouding word ondersoek deur vrae wat daaroor gaan of hulle sal toelaat dat iemand van die teenoorgestelde geslag met hulle intiem omgaan, bv. te soen, asook die redes waarom hulle dit sal toelaat of nie sal toelaat nie. Verdere vrae handel daaroor of die ppe. intieme vriende(-inne) van die teenoorgestelde geslag aanhou, of hulle een, twee of baie aanhou en die redes waarom hulle net een of meer as een aanhou.

Die onderlinge sosiale verhouding tussen die twee geslagte kan ook vasgestel word uit die sake waaroor seuns en meisies met mekaar gesels as hulle in mekaar se geselskap verkeer, terwyl in die sake waaroor seuns en meisies met mekaar stry die sosiale houding of standpunt wat hulle inneem beklemtoon word.

(a) Sal die ppe. intieme omgang met mekaar, bv. soen, toelaat?

Of die ppe. sal toelaat dat iemand van die teenoorgestelde geslag met hulle intiem omgaan, hulle bv. soen,

word/...

word in tabel XXVII aangetoon en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XXVII(a) tot XXVII(c).

Tabel XXVII.

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 46 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 46. Sal u toelaat dat iemand van die teenoorgestelde geslag met u intiem omgaan, u bv. soen?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 21 | 4 | 28 | 14 | 32 | 17 | 39 | 25 | 52 | 31 | 67 | 37 | 78 | 29 | 86 | 40 | 22 | 31 |
| ges- | b | 58 | 71 | 29 | 61 | 45 | 59 | 36 | 46 | 23 | 43 | 12 | 35 | 10 | 43 | 7 | 36 | 52 | 44 |
| ties | c | 21 | 25 | 27 | 23 | 22 | 23 | 24 | 28 | 23 | 21 | 18 | 29 | 10 | 33 | 7 | 23 | 25 | 24 |

Uit die ppe. sal 40% seuns en 22% meisies wel toelaat dat iemand van die teenoorgestelde geslag met hulle intiem omgaan, hulle bv. soen; 36% seuns en 52% meisies sal so iets nie toelaat nie terwyl 23% seuns en 25% meisies onseker is.

(i) Ppe. sal toelaat dat iemand van die teenoorgestelde geslag met hulle intiem omgaan, hulle bv. soen.

Tabel XXVII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 46 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ja.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 21 | 4 | 28 | | 14 | 32 | | 17 | 39 | | 25 | 52 | | 31 | 67 | | 37 | 78 | | 29 | 86 | 40 | 22 | 31 |
| Vglyking | | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | | + | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Hierdie suggestie het meer ppe. uit die seuns getrek as uit die meisies, met beduidende verskille op alle leeftye. Daar is verder 'n geleidelike styging merkbaar by albei geslagte namate die ppe. ouer word en beduidende verskille kom voor by meisies op ouderdomme 12 en 13 jaar, 14 en 15 jaar asook op 15 en 16 jaar. Die styging by

hoër/...

hoër ouderdomme by seuns is beduidend op ouderdomme 14 en 15 jaar, 15 en 16 jaar asook op 16 en 17 jaar.

Waarskynlik kan die feit dat meer ppe. uit die seuns getrek is toegeskryf word aan die feit dat die meisie as gevolg van die bestaande sosiale kode meer gereserveerd is in haar optrede teenoor seuns en haar beskeidenheid haar ook verhoed om so iets toe te laat. Die styging by hoër ouderdomsgroepe dui daarop dat die ppe. hulleself al meer en meer as volwassenes beskou en dan deel sal hê aan daardie handelinge wat hulle as eie aan die volwassenes beskou, en waarskynlik alreeds 'n vriend(-in) aanhou.

(ii) Ppe. sal nie toelaat dat iemand van die teenoorgestelde geslag met hulle intiem omgaan, hulle bv. soen nie.

Tabel XXVII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 46 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nee.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 58 71 | 29 | | 61 | 45 | | 59 | 36 | | 46 | 23 | | 43 | 12 | | 35 | 10 | | 43 | 7 | 36 | 52 | 44 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

'n Goeie persentasie ppe. van albei geslagte is deur hierdie suggestie getrek met meer ppe. uit die meisies, sodat beduidende verskille by al die ouderdomsgroepe voorkom. By die meisies vind ons 'n geleidelike daling namate die leerlinge ouer word met beduidende verskille tussen 14 en 15 jaar. Na 'n skielike beduidende daling tussen 12 en 13 jaar by seuns gevolg deur 'n skielike styging tussen 14 en 15 jaar vind ons ook 'n reëlmatige daling namate hulle ouer word, sodat beduidende verskille verder tussen 15 en 16 jaar asook tussen 16 en 17 jaar voorkom.

Die/...

Die geleidelike daling by hoër ouderdomme kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die ppe. hulle al meer en meer as volwassenes beskou en daarom aan die handelinge van volwassenes deel mag hê. Die skielike daling by 13 jarige seuns hou waarskynlik verband met hulle belangstelling in die teenoorgestelde geslag wat hier reeds kan begin.

(iii) Ppe. is onseker of hulle sal toelaat dat iemand van die teenoorgestelde geslag met hulle intiem omgaan, hulle bv. soen.

Tabel XXVIII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 46 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie: Weet nie.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 21 25 | 27 | | 23 | 22 | | 23 | 24 | | 28 | 23 | | 21 | 18 | | 29 | 10 | | 33 | 7 | 23 | 25 | 24 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | | |

Slegs 23% seuns en 25% meisies weet nie of hulle sal toelaat dat iemand van die teenoorgestelde geslag met hulle intiem omgaan nie. By meisies vind ons 'n beduidende styging tussen 14 en 15 jaar maar 'n daling tussen 15 en 16 jaar, gevolg deur 'n styging tussen 16 en 17 jaar, hoewel nie beduidend in die laaste geval nie. Beduidend meer ppe. is uit die meisies getrek op ouderdomme 17 en 18 jaar.

Waar meer ppe. uit die meisies op 17 en 18 jaar onseker is, dui dit daarop dat die seuns met 18% en 10% onderskeidelik op 17 en 18 jaar alreeds besluit het wat hulle in die omstandighede sal doen terwyl die meisies van daardie ouderdomme nie so uitgesproke is nie omdat dit waarskynlik daarvan afhang wie die persoon van die teenoorgestelde geslag is.

(iv)/...

(iv) Samevatting.

Die grootste persentasie seuns sal wel toelaat dat iemand van die teenoorgestelde geslag met hulle intiem omgaan maar die grootste persentasie meisies sal dit nie toelaat nie. Daar is 'n styging namate hulle ouer word by die wat dit wel sal toelaat. Onsekerheid by die meisies neem toe, hoewel nie beduidend nie, by 17 en 18 jaar, sodat beduidende verskille tussen seuns en meisies op hierdie leeftye voorkom. Die meisies kom dus meer gereserveerd voor en is nie so uitgesproke soos die seuns op hierdie ouderdomme nie.

(b) Redes waarom hulle intieme omgang nie sal toelaat nie.

Die redes waarom die ppe. intieme omgang met die teenoorgestelde geslag nie sal toelaat nie word aangetoon in tabel XXVIII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye, in tabelle XXVIII(a) tot XXVIII(d).

Tabel XXVIII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 47 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 47. Hoekom sal u nie soiets toelaat nie? (Geld nie vir diegene wat 46(a) gemerk het nie).

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 21 | 19 | 12 | 13 | 12 | 16 | 13 | 20 | 11 | 18 | 8 | 22 | 10 | 24 | 7 | 12 | 17 | 14 |
| ges- | b | 45 | 79 | 35 | 59 | 34 | 52 | 26 | 42 | 18 | 36 | 8 | 24 | 10 | 29 | 7 | 27 | 47 | 37 |
| ties | c | 23 | 28 | 21 | 26 | 23 | 28 | 21 | 25 | 14 | 20 | 12 | 21 | 7 | 29 | - | 19 | 25 | 22 |
| | d | 11 | 9 | 9 | 14 | 11 | 16 | 11 | 18 | 8 | 18 | 11 | 17 | 4 | 29 | 7 | 10 | 17 | 14 |

(i) Ppe. sal intieme omgang nie toelaat nie omdat dit hulle nie betaam nie.

Tabel XXVIII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 47 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dit betaam my nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 21 19 | 12 | | 13 | 12 | | 16 | 13 | | 20 | 11 | | 18 | 8 | | 22 | 10 | | 24 | 7 | 12 | 17 | 14 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

'n Geringe/...

'n Geringe persentasie, nl. 11% seuns en 17% meisies, meen dat dit hulle nie betaam om so iets te doen nie. Meer ppe. is uit die meisies getrek deur hierdie suggestie met beduidende verskille op ouderdomme 14 tot 18 jaar. Hoewel 'n beduidende verskil slegs op 14 en 15 jaar by meisies voorkom, skyn dit tog of meer ppe. uit die hoër ouderdomsgroepe getrek is.

Morele en maatskaplike kodes of standaarde verhoed die meisies in 'n groter mate as die seuns om intieme omgang toe te laat, wat waarskynlik dui op die groter begeerte tot omgang volgens sosiale standaarde, wat daar by die meisies voorkom. Groter persentasies by ouer meisies wys waarskynlik daarop dat die begeerte tot voldoening aan die morele kodes by die ouer meisies sterker word.

(ii) Ppe. sal intieme omgang nie toelaat nie omdat hulle nog te jonk is daarvoor.

Tabel XXVIII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 47 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek is nog te jonk daarvoor.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 45 79 | 35 | | 59 | 34 | | 52 | 26 | | 42 | 18 | | 36 | 8 | | 24 | 10 | | 29 | 7 | 27 | 47 | 37 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | + | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Die grootste persentasie ppe. meen dat hulle nog te jonk is daarvoor. Meer ppe. is deur hierdie suggestie uit die meisies getrek met beduidende verskille op ouderdomme 12 tot 18 jaar. 'n Geleidelike afname by albei geslagte is merkbaar by hoër ouderdomsgroepe. Beduidende verskille tussen opeenvolgende ouderdomsgroepe by meisies kom voor

by/...

by al die ouderdomme vanaf 12 jaar tot 17 jaar. Beduidende verskille by die opeenvolgende ouderdomsgroepe by seuns kom voor tussen 14 en 17 jaar.

Die feit dat 'n groter persentasie ppe. uit die meisies getrek is, dui waarskynlik op 'n groter beskeidenheid by die meisies, waar hulle sê dat hulle nog te jonk is om daaraan deel te hê. Die afname by hoër ouderdomsgroepe kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die jongmense hulle al meer en meer as volwassenes beskou namate hulle ouer word en gevolglik soos volwassenes wil handel.

(iii) Ppe. sal intieme omgang nie toelaat nie omdat hulle skaam voel.

Tabel XXVIII(c)

Reëelheid van verskille by vraag 47 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek voel skaam.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 23 28 | 21 | | 26 | 23 | | 28 | 21 | | 25 | 14 | | 20 | 12 | | 21 | 7 | | 29 | – | 19 | 25 | 22 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | – | | + | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | | |

Van die ppe. sal 19% seuns en 25% meisies nie intieme omgang toelaat nie omdat hulle skaam voel. 'n Groter persentasie ppe. is uit die meisies getrek as uit die seuns met beduidende verskille op ouderdomme 14, 16, 17 en 18 jaar. By die seuns is 'n geleidelike afname merkbaar by hoër ouderdomsgroepe en beduidende verskille kom voor op ouderdomme 15 en 16 jaar. By meisies is daar ook 'n beduidende afname tussen 15 en 16 jaar.

Die/...

Die afname by hoër ouderdomsgroepe kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die ouer leerlinge meer selfvertroue het en uit ervaring in die omgang met die teenoorgestelde geslag die gevoel van skaamte oorwin. Meer ppe. is uit die meisies getrek, waarskynlik omdat die meisie meer beskeie as die seun voorkom en graag volgens die sosiale kode wil handel.

Tabel XXVIII(d)

Reëelheid van verskille by vraag 47 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
'n Soen het te veel waarde.

| Leeftyd | | 12 | | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 11 | | 9 | 9 | | 14 | 11 | | 16 | 11 | | 18 | 8 | | 18 | 11 | | 17 | 4 | | 29 | 7 | 10 | 17 | 14 |
| Vglyking | | | sm | | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Vir die kleinste persentasie ppe., nl. 10% seuns en 17% meisies, het 'n soen te veel waarde om ligtelik daaraan deel te hê. Uit die ppe. is beduidend meer meisies getrek op ouderdomme 13, 14, 15, 16 en 18 jaar. Geen beduidende verskille volgens leeftye kom by die twee geslagte voor nie.

Die feit dat meer meisies as seuns deur hierdie suggestie getrek is, kan waarskynlik ook aan groter beskeidenheid by die meisies toegeskryf word, of aan die groter erns waarmee sy haar verhouding tot die teenoorgestelde geslag beskou, gepaard met die begeerte om te voldoen aan die sosiale kode.

(v) Samevatting.

'n Geringe persentasie maar meer meisies as seuns meen as gevolg van hulle opvatting oor sosiale standaarde

dat/...

dat dit hulle nie betaam om met iemand van die teenoorgestelde geslag intiem om te gaan nie. Die grootste persentasie meisies en 'n sterk persentasie seuns meen dat hulle te jonk is daarvoor. 'n Kleiner persentasie uit albei geslagte voel te skaam daarvoor en 'n nog kleiner persentasie, maar by meisies meer as seuns, meen dat 'n soen te veel waarde het om ligtelik daaraan deel te hê.

(c) Redes waarom die ppe. intieme omgang wel sal toelaat.

Die redes waarom die ppe. intieme omgang met lede van die teenoorgestelde geslag wel sal toelaat, word aangetoon in tabel XXIX en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XXIX(a) tot XXIX(f).

Tabel XXIX

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 48 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 48. Hoekom sal u so iets toelaat?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Suggesties | a | 5 | 4 | 12 | 6 | 15 | 9 | 14 | 7 | 15 | 9 | 10 | 10 | 13 | 14 | 14 | 14 | 8 | 11 |
| | b | 19 | 4 | 30 | 18 | 25 | 23 | 34 | 32 | 41 | 35 | 62 | 44 | 65 | 38 | 71 | 35 | 27 | 31 |
| | c | 3 | 3 | 5 | 3 | 5 | 3 | 5 | 5 | 4 | 3 | 4 | 2 | 6 | - | - | 5 | 3 | 4 |
| | d | 3 | 3 | 11 | 4 | 11 | 5 | 14 | 7 | 20 | 6 | 24 | 8 | 46 | - | 29 | 15 | 6 | 11 |
| | e | 10 | 4 | 6 | 7 | 8 | 8 | 9 | 8 | 11 | 8 | 13 | 8 | 6 | 5 | 7 | 9 | 8 | 9 |
| | f | 2 | 1 | 7 | 5 | 6 | 3 | 9 | 6 | 10 | 7 | 16 | 13 | 29 | 19 | 14 | 9 | 5 | 7 |

(i) Ppe. sal intieme omgang toelaat vir die grap.

Tabel XXIX(a)/...

## Tabel XXIX(a)

Reëelheid van verskille by vraag 48 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Vir die grap.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 5 4 | 12 | | 6 | 15 | | 9 | 14 | | 7 | 15 | | 9 | 10 | | 10 | 13 | | 14 | 14 | 14 | 8 | 11 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Klein persentasie ppe. sal intieme omgang met lede van die teenoorgestelde geslag vir die grap toelaat, nl. 14% seuns en 10% meisies. Meer ppe. is deur hierdie suggestie uit die seuns getrek en beduidende verskille by meisies kom voor op ouderdomme 13 tot 16 jaar. Tussen 12 en 13 jaar seuns is 'n beduidende toename merkbaar.

Meer seuns is deur hierdie suggestie getrek, waarskynlik omdat seuns die omgang met die teenoorgestelde geslag ligter opneem en maklik daarvan 'n grap sal maak. Die beduidend geringer persentasie by seuns op 12 jaar is waarskynlik daaraan toe te skryf dat die seuns op hierdie ouderdom nog nie 'n belangstelling in die teenoorgestelde geslag openbaar nie en geen intieme omgang met die teenoorgestelde geslag sal toelaat nie.

(ii)/...

(ii) Ppe. sal intieme omgang toelaat omdat hulle van die persoon hou.

Tabel XXIX(b)

Reëelheid van verskille by vraag 48 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat ek van die persoon hou.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 19 4 | 30 | | 18 | 25 | | 23 | 34 | | 32 | 41 | | 35 | 62 | | 44 | 65 | | 38 | 71 | 35 | 27 | 31 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | + | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | – | | + | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | – | | | |

Die meerderheid ppe., nl. 35% seuns en 27% meisies, sal intieme omgang met die teenoorgestelde geslag toelaat omdat hulle van die persoon hou. Deur hierdie suggestie is meer ppe. uit die seuns getrek met bedduidende verskille op ouderdomme 12, 13, 17 en 18 jaar. 'n Toename in die persentasie ppe. deur die suggestie getrek is by albei geslagte by hoër ouderdomme merkbaar en beduidende verskille kom voor by meisies tussen 12 en 13 jaar, 13 en 14 jaar asook tussen 14 en 15 jaar. Die beduidende verskille by seuns is tussen 14 en 15 jaar, 15 en 16 jaar asook tussen 16 en 17 jaar.

Intieme omgang met lede van die teenoorgestelde geslag het dus vir seuns sowel as meisies 'n groter betekenis namate hulle ouer word en daarom word dit tot 'n groot mate alleenlik toegelaat wanneer hulle van die persoon hou. Die feit dat meer seuns as meisies deur hierdie suggestie getrek is, dui daarop dat seuns tog die vereiste stel dat hulle van die persoon moet hou of aangetrokke moet voel terwyl die meisies verder gaan en waarskynlik slegs die persoon wat hulle liefhet so iets sal toelaat.

(iii)/...

(iii) Ppe. sal intieme omgang toelaat omdat ander jongmense dit doen.

Tabel XXIX(c)

Reëelheid van verskille by vraag 48 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat ander jongmense dit doen.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 3 3 | 5 | | 3 | 5 | | 3 | 5 | | 5 | 4 | | 3 | 4 | | 2 | 6 | | - | - | 5 | 3 | 4 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Van geringer belang by albei geslagte, nl. 5% seuns en 3% meisies, is die faktor van nabootsing. Omdat ander jongmense dit doen, sal hulle ook intieme omgang toelaat. Geen beduidende verskille by geslag of leeftye kom voor nie en so min ppe. is hierdeur getrek dat ons dit kan ignoreer.

(iv) Ppe. sal intieme omgang toelaat omdat dit aangenaam is.

Tabel XXIX(d)

Reëelheid van verskille by vraag 48 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Omdat dit aangenaam is.

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 3 3 | 11 | | 4 | 11 | | 5 | 14 | | 7 | 20 | | 6 | 24 | | 8 | 46 | | - | 29 | 15 | 6 | 11 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | - | + | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | + | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | + | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | - | | | |

Van die ppe. sal 15% seuns en 6% meisies intieme omgang met die teenoorgestelde geslag toelaat omdat dit aangenaam is. Meer seuns as meisies is deur hierdie

suggestie/...

suggestie getrek en beduidende verskille kom voor op ouderdomme 13 tot 18 jaar.

Intieme omgang sal in hierdie geval toegelaat word sonder dat daar enige diepere betekenis aan die handelinge geheg word. Die gegewens dui dus daarop dat seuns intieme omgang met die teenoorgestelde geslag ligter opneem as wat die geval by meisies is.

(v) <u>Ppe. sal intieme omgang toelaat om nie die persoon te affronteer nie</u>.

<u>Tabel XXIX(e)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 48 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Om nie die persoon te affronteer nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 10 4 | 6 | | 7 | 8 | | 8 | 9 | | 8 | 11 | | 8 | 13 | | 8 | 6 | | 5 | 7 | 9 | 8 | 9 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | + | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef-tye | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Slegs 9% seuns en 8% meisies sal intieme omgang toelaat om nie die persoon te affronteer nie. Geen reële verskille is merkbaar nie en 'n gelykmatige persentasie is versprei oor al die leeftye en albei geslagte. Hierdie klein persentasies maak verdere interpretasie oorbodig.

(vi) <u>Ppe. sal intieme omgang toelaat omdat hulle al oud genoeg is daarvoor</u>.

<u>Tabel XXIX(f)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 48 suggestie (f) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Omdat ek al oud genoeg is daarvoor.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 2 1 | 7 | | 5 | 6 | | 3 | 9 | | 6 | 10 | | 7 | 16 | | 13 | 29 | | 19 | 14 | 9 | 5 | 7 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | + | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef-tye | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | + | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Slegs 9% seuns en 5% meisies is getrek deur die suggestie dat hulle al oud genoeg is om intieme omgang met die teenoorgestelde geslag toe te laat. 'n Vinnige toename met beduidende verskille tussen 12 en 13 jaar is merkbaar by seuns sowel as meisies. Ook tussen 16 en 17 jaar . meisies sowel as seuns van 16 en 17 jaar sowel as 17 en 18 jaar is daar 'n beduidende toename merkbaar.

Die skielike toename by seuns sowel as meisies tussen 12 en 13 jaar kan daaraan toegeskryf worddat hulle 'n mate van erkenning in hulle nuwe status, nl. leerlinge van die middelbare skole, ontvang het en daarom meen dat hulle ook oud genoeg is om deel te hê aan intieme omgang met die teenoorgestelde geslag. Die toename by 17 en 18 jaar kan daaraan toegeskryf word dat die adolessente op hierdie ouderdom soveel erkenning as volwassenes ontvang het dat hulle meen dat hulle oud genoeg is om deel te hê aan intieme omgang met die teenoorgestelde geslag.

(vii) Samevatting.

Die grootste persentasie ppe. sal intieme omgang met die teenoorgestelde geslag toelaat omdat hulle van die persoon hou. 'n Kleiner persentasie sal dit toelaat ter wille van die aangename of die grap daarvan terwyl nog 'n kleiner persentasie dit toelaat omdat ander jongmense dit doen, omdat hulle al oud genoeg daarvoor is of omdat hulle nie graag die persoon wil affronteer nie.

Vir die meeste ppe. het intieme omgang met die teenoorgestelde geslag dus soveel waarde dat hulle nie ligtelik daaraan deel sal hê nie maar slegs om ernstiger redes. Tog hou dit vir sommige nie dieper betekenis in nie en sal hulle dit doen omdat ander jongmense dit doen.

(d) Of die ppe. 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag het.

Of die ppe. 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag het, word aangetoon in tabel XXX en die

reëelheid/...

reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XXX(a) en XXX(b).

Tabel XXX

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 49 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 49. Het u 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag?

| Leeftyd | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- a | 50 | 41 | 51 | 54 | 48 | 58 | 53 | 61 | 55 | 59 | 65 | 62 | 60 | 71 | 93 | 53 | 58 | 56 |
| ges- b | 42 | 54 | 44 | 39 | 48 | 40 | 44 | 22 | 41 | 33 | 32 | 39 | 37 | 29 | 7 | 43 | 34 | 38 |
| ties c | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

(i) Ppe. het 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag.

Tabel XXX(a)

Reëelheid van verskille by vraag 49 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ja.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 50 41 | 51 | | 54 | 48 | | 58 | 53 | | 61 | 55 | | 59 | 65 | | 62 | 60 | | 71 | 93 | 53 | 58 | 56 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | + | | | |

Die grootste persentasie ppe. het 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag, nl. 53% en 58% meisies. Meer meisies as seuns het 'n intieme vriend van die teenoorgestelde geslag met beduidende verskille op ouderdomme 14 en 15 jaar. By albei geslagte is daar 'n geleidelike toename namate hulle ouer word, met beduidende verskille by meisies op 12 en 13 jaar en by seuns tussen 16 en 17 jaar asook tussen 18 en 19 jaar.

Die skielike toename by meisies van 12 en 13 jaar kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat hulle belangstelling in die teenoorgestelde geslag op 12 jaar maar so

pas/...

pas begin het en dat hulle nog nie 'n intieme vriend(-in) het nie. Die toename by seuns vanaf 16 jaar na 19 jaar is waarskynlik daaraan toe te skryf dat seuns op hierdie ouderdom graag iemand wil hê met wie hulle gereeld uitgaan en daarom ook 'n intieme vriendin het.

(ii) Ppe. het nie 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag nie.

Tabel XXX(b)

Reëelheid van verskille by vraag 49 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nee.

| Leeftyd | | 12 | | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 42 | | 54 | 44 | | 39 | 48 | | 40 | 44 | | 22 | 41 | | 33 | 32 | | 39 | 37 | | 29 | 7 | 43 | 34 | 38 |
| Vglyking | | | sm | | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | + | | | |

Van die ppe. het 43% seuns en 34% meisies nie 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag nie. Meer seuns is deur hierdie suggestie getrek met beduidende verskille op ouderdomme 14, 15 en 16 jaar. By albei geslagte is 'n geleidelike afname merkbaar by hoër ouderdomme met beduidende verskille by die meisies tussen 12 en 13 jaar, 14 en 15 jaar asook tussen 15 en 16 jaar. Beduidende verskille by die seuns is merkbaar tussen 16 en 17 jaar asook tussen 18 en 19 jaar, waar 'n kleiner persentasie uit die ouer ppe. getrek is.

Die afname by hoër ouderdomme kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die behoefte aan 'n intieme vriend(-in) groter word namate hulle ouer word en daarom het die ppe. so 'n vriend(-in).

(iii)/...

(iii) <u>Samevatting: Het die ppe. 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag?</u>

Die grootste persentasie van ons ppe. en wel beduidend meer meisies as seuns het 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag. Verder is daar 'n geleidelike toename op te merk namate hulle ouer word en meer van die ppe. uit die hoër ouderdomsgroepe het so 'n vriend(-in). Die gegewens dui dus daarop dat by die hoër ouderdomsgroepe die los belangstelling in die teenoorgestelde geslag al meer en meer afneem en dat hulle aandag toegespits word op 'n enkele persoon.

(e) <u>Hou die ppe. meer as een vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag aan?</u>

Hoeveel vriende(-inne) van die teenoorgestelde geslag die ppe. aanhou, word aangetoon in tabel XXXI en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XXXI(a) tot XXXI(c).

<u>Tabel XXXI</u>

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 50 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 50. Hou u meer as een vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag aan?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 45 | 59 | 54 | 54 | 49 | 55 | 58 | 56 | 53 | 48 | 57 | 53 | 47 | 52 | 71 | 53 | 54 | 54 |
| ges- | b | 15 | 3 | 8 | 7 | 6 | 11 | 6 | 11 | 6 | 10 | 8 | 10 | 15 | 14 | 7 | 7 | 10 | 9 |
| ties | c | 10 | 9 | 14 | 13 | 12 | 14 | 12 | 13 | 14 | 17 | 15 | 12 | 18 | 10 | 14 | 13 | 14 | 14 |

(i) <u>Ppe. hou een vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag aan.</u>

Sien bl. 202 vir tabel XXXI(a).

Die grootste persentasie ppe. nl. 53% seuns en 54% meisies hou net een intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag aan. Op 14 jaar hou beduidend meer meisies as seuns net een intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag aan. By seuns is 'n beduidende toename

merkbaar/...

Tabel XXXI(a)

Reëelheid van verskille by vraag 50 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Een.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 45 59 | 54 | | 54 | 49 | | 55 | 58 | | 56 | 53 | | 48 | 57 | | 53 | 47 | | 52 | 71 | 53 | 54 | 54 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
Reëelheid van verskille by vraag 66 suggestie (j) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Opmaak van meisies met kleursel.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 10 7 | 11 | | 9 | 7 | | 12 | 10 | | 14 | 10 | | 15 | 14 | | 11 | 6 | | 29 | 7 | 10 | 12 | 11 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het slegs 10% seuns en 12% meisies getrek. Meer meisies as seuns het die suggestie aangemerk met beduidende verskille op 14, 15 en 16 jaar.

Waarskynlik/...

1) Vergelyk tabelle XXII(b) bl. 166 en XXIII(b) bl. 172.

Waarskynlik kan dit daaraan toegeskryf word dat 'n verskil van mening oor die saak bestaan en dat die adolessente die onderwerp baie taktvol vermy.

(xi) <u>Seuns en meisies gesels oor vrouemodes.</u>

<u>Tabel XXXIV(k)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 66 suggestie (k) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Vrouemodes.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 5 1 | 6 | | 6 | 4 | | 7 | 7 | | 11 | 7 | | 10 | 11 | | 14 | 6 | | 14 | - | 6 | 9 | 8 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het slegs 6% seuns en 9% meisies uit ons ppe. getrek. Op 15 jaar is meer meisies as seuns deur die suggestie getrek met 'n beduidende toename by meisies tussen 12 en 13 asook tussen 14 en 15 jaar. Waarskynlik kan dit gewyt word aan die seuns se geringe belangstelling in die onderwerp.

(xii) <u>Seuns en meisies gesels oor die algemene verhouding tussen die twee geslagte.</u>

<u>Tabel XXXIV(l)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 66 suggestie (l) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Algemene verhouding tussen die geslagte.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 15 16 | 11 | | 9 | 12 | | 15 | 14 | | 21 | 22 | | 27 | 21 | | 22 | 25 | | 24 | 7 | 15 | 17 | 16 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie/...

Hierdie suggestie het 15% seuns en 17% meisies uit ons ppe. getrek met beduidend meer meisies as seuns op ouderdom 15 jaar. By meisies is 'n beduidende styging by hoër leeftye merkbaar tussen 13 en 14, 14 en 15, asook tussen 15 en 16 jaar. By seuns is die styging slegs tussen 15 en 16 jaar merkbaar. Die lae persentasie ppe. by jonger leeftye dui waarskynlik daarop dat adolessente eers begin gesels oor die algemene verhouding van die twee geslagte wanneer die verhouding by indiwiduele paartjies meer ernstig en intiem word.

(xiii) <u>Seuns en meisies gesels oor die verhouding van sekere seuns en meisies („case").</u>

<u>Tabel XXXIV(m)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 66 suggestie (m) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>: Verhouding van sekere seuns en meisies („case").

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 21 21 | 27 | | 26 | 24 | | 35 | 32 | | 39 | 38 | | 43 | 49 | | 50 | 53 | | 38 | 64 | 32 | 36 | 34 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Die feit dat hierdie suggestie 32% seuns en 36% meisies getrek het, dui daarop dat seuns en meisies graag gesels oor die verhoudings van hulle maats, m.a.w. oor sosiale sake. Dit is nie vasgestel of hulle gunstige of ongunstige kommentaar daaroor lewer nie maar ons neem aan dat waar daar nie 'n mate van jaloesie heers nie die kommentaar gunstig sal wees weens die algemene neiging van die jeug om lojaal teenoor mekaar te wees. Meer meisies

as seuns/...

as seuns is getrek op 14 en 15 jarige ouderdom en 'n beduidende styging kom by meisies voor tussen 13 en 14 jaar. By seuns is ook 'n beduidende styging tussen 14 en 15, 15 en 16 asook tussen 16 en 17 jaar. Hierdie belangstelling in die intieme verhoudings van hulle vriende(-inne) neem dus toe by hoër ouderdomme.

Die styging by hoër leeftye beklemtoon die sosiale aspek in die belangstelling en gesprekke van seuns en meisies en die feit dat meer meisies deur hierdie suggestie getrek is, dui waarskynlik daarop dat die meisies 'n groter sosiale belangstelling het as seuns.

(xiv) Seuns en meisies gesels oor die ruheid van seuns.

Tabel XXXIV(n)

Reëelheid van verskille by vraag 66 suggestie (n) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ruheid van seuns.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 13 13 | 10 | | 7 | 9 | | 13 | 9 | | 13 | 11 | | 13 | 13 | | 6 | 9 | | 10 | 7 | 11 | 11 | 11 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het 11% van die seuns sowel as die meisies getrek. Beduidend meer meisies as seuns het hierdie suggestie op 14 en 15 jaar aangemerk. By meisies is 'n beduidende toename tussen 13 en 14 jaar, gevolg deur 'n plato op 14, 15 en 16 jaar en dan weer 'n beduidende afname tussen 16 en 17 jaar.

Dit kan moontlik daaraan gewyt word dat die meisies aanvanklik self hou van die ruheid van seuns en daaraan deelneem maar wanneer die heteroseksuele belangstelling

ontwaak/...

ontwaak, hinder die ruheid van seuns hulle, totdat die ouer meisies met seuns in aanraking kom wat al meer en meer verfynd teenoor die meisies optree en by wie ruheid nie meer voorkom nie.

(xv) Seuns en meisies gesels oor vorms van vermaak.

Tabel XXXIV(o)

Reëelheid van verskille by vraag 66 suggestie (o) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Vorms van vermaak.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 10 3 | 10 | | 10 | 11 | | 15 | 14 | | 20 | 21 | | 22 | 24 | | 33 | 29 | | 48 | 14 | 15 | 17 | 16 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het 15% seuns en 17% meisies uit ons ppe. getrek met beduidend meer meisies uit die groep van 14 en 15 jaar. 'n Beduidende styging namate hulle ouer word, kom by meisies voor tussen 12 en 13, 13 en 14, 14 en 15 asook tussen 16 en 17 jaar en by seuns tussen 15 en 16 jaar. Die gegewens dui dus daarop dat vorms van vermaak vir hulle van alhoemeer aktuele belang word namate hulle ouer word en meer geleentheid gegun word om aan die vermaak deel te neem, met die gevolg dat hulle ook kennis daarvan dra en daaroor gesels.

(xvi) Seuns en meisies gesels oor godsdiens.

Sien bl.225 vir tabel XXXIV(p).

Hierdie suggestie het 15% seuns en 23% meisies uit ons ppe. getrek. Beduidend meer meisies as seuns is deur die suggestie getrek op ouderdomme 13, 14, 15, 16 en 18 jaar. By seuns vind ons 'n beduidende afname tussen

Tabel XXXIV(p)

Reëelheid van verskille by vraag 66 suggestie (p) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Godsdiens.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 23 13 | 10 | | 20 | 15 | | 23 | 15 | | 26 | 17 | | 26 | 19 | | 28 | 13 | | 29 | 14 | 15 | 23 | 19 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | − | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

12 en 13 jaar, gevolg deur 'n beduidende toename tussen 13 en 14 jaar. Origens is geen beduidende verskille aanwesig nie.

(xvii) Samevatting: Waaroor seuns en meisies gesels.

Die gesprekke van seuns en meisies met mekaar gaan veral oor sosiale sake van gemeenskaplike belang soos skoolwerk, sport, ander seuns en meisies, 'n toekomstige beroep wat veral by die ouer leerlinge meer aktueel word, partytjies, piekniеks of byeenkomste saam, die onderwysers met wie hulle daagliks te doen het en die verhouding tussen sekere seuns en meisies uit hulle vriendekring. Belangrik is dit dat die sosiale aspek in hulle gesprekke besondere aandag geniet, waarskynlik omdat goeie wenslike verhoudings met ander persone met wie hulle in aanraking kom, vir die adolessente van besondere betekenis is.

Van minder belang maar tog onderwerpe waarin albei geslagte in 'n redelike mate belangstel, is sake soos filmsterre, (waarskynlik omdat hulle in mekaar se geselskap of ook afsonderlik soms of dikwels die bioskoop besoek en die prent en die spelers noodwendig bespreek), die algemene verhouding tussen die geslagte, wat 'n belangriker onderwerp uitmaak by die ouer ppe., vorms van vermaak, waarskynlik

waaraan/...

waaraan albei geslagte gesamentlik kan deelneem en ook hulle godsdiens waarmee hulle buite skool te doen het, veral in die Christelike verenigingslewe, Sondagskool, katkisasie, ens.

Die onderwerpe wat die minste bespreek word, sluit o.a. die bekrompenheid van volwassenes t.o.v. die jeug in. Verder word gepraat oor mooi klere waarin meisies veral baie belangstel maar waarvoor seuns nie veel belangstelling openbaar en graag daaroor sou wou gesels nie, die opmaak van meisies met kleursel (waarskynlik omdat 'n verskil in opvattinge algemeen voorkom), vrouemodes wat ook sake is waarin seuns nie belangstel nie en nie veel kennis openbaar nie, asook die ruheid van seuns, waarskynlik omdat meisies meen dat die seuns ru is, terwyl die seuns dit nie sou erken nie. Aan die ander kant kan die ruheid van die seuns werklik afneem namate hulle belangstelling in die teenoorgestelde geslag openbaar en nie meer so ru is in hulle optrede teenoor meisies nie.

(i) Waaroor seuns en meisies met mekaar stry.

Tabel XXXV

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 67 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 67. Waaroor stry seuns en meisies met mekaar?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| | a | 29 | 25 | 31 | 29 | 23 | 35 | 33 | 40 | 37 | 45 | 50 | 46 | 34 | 48 | 29 | 34 | 37 | 36 |
| | b | 23 | 18 | 20 | 18 | 20 | 25 | 21 | 25 | 24 | 29 | 31 | 30 | 22 | 33 | 14 | 22 | 24 | 23 |
| Sug- | c | 19 | 21 | 22 | 26 | 19 | 33 | 21 | 38 | 34 | 39 | 42 | 44 | 38 | 71 | 43 | 25 | 34 | 30 |
| ges- | d | 47 | 28 | 37 | 31 | 33 | 33 | 30 | 35 | 32 | 31 | 35 | 39 | 32 | 29 | 14 | 32 | 33 | 33 |
| ties | e | 16 | 26 | 18 | 24 | 18 | 24 | 19 | 26 | 21 | 22 | 16 | 17 | 18 | 5 | 14 | 19 | 24 | 22 |
| | f | 11 | 9 | 9 | 11 | 10 | 11 | 9 | 11 | 11 | 11 | 12 | 15 | 13 | 10 | - | 10 | 11 | 11 |
| | g | 5 | 10 | 9 | 7 | 11 | 11 | 10 | 13 | 15 | 16 | 21 | 20 | 19 | 24 | 7 | 12 | 12 | 12 |
| | h | 31 | 29 | 29 | 35 | 26 | 34 | 31 | 34 | 36 | 32 | 40 | 46 | 50 | 57 | 21 | 31 | 34 | 33 |

Die sake waaroor seuns en meisies met mekaar stry, d.w.s. in 'n groot mate van mekaar verskil, word in tabel XXXV aangetoon en die reëelheid van verskille tussen

geslagte/...

geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XXXV(a) tot XXXV(h).

(i) <u>Seuns en meisies stry met mekaar oor vrouemodes.</u>

<u>Tabel XXXV(a)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 67 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Vrouemodes.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 29 | 25 | 31 | | 29 | 23 | | 35 | 33 | | 40 | 37 | | 45 | 50 | | 46 | 34 | | 48 | 29 | 34 | 37 | 36 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | + | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | + | | + | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | + | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | + | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Hierdie suggestie het 34% seuns en 37% meisies uit ons ppe. getrek en vanaf 14 jaar opwaarts het meer meisies hierdie suggestie aangemerk sodat beduidende verskille met seuns op 14, 15 en 16 jaar voorkom. Verder is 'n geleidelike styging by seuns merkbaar by hoër leeftye sodat beduidende verskille voorkom tussen 13 en 14, 14 en 15 asook tussen 16 en 17 jaar gevolg deur 'n daling tussen 17 en 18 jaar. By meisies vind ons die beduidende styging tussen 13 en 14 jaar asook tussen 14 en 15 jaar.

Die hoër persentasie ppe. uit die ouer leerlinge getrek, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die ouer seuns en dogters meer seker is van die standpunt wat hulle in hierdie verband ingeneem het en daarom ook met mekaar daaroor stry.

(ii) <u>Seuns en meisies stry met mekaar oor mansmodes.</u>

Sien bl.228 vir tabel XXXV(b).

Hierdie suggestie het 'n kleiner persentasie ppe. uit die seuns sowel as uit die meisies getrek as wat die geval met vrouemodes is, nl. 22% seuns en 24% meisies.

Tabel XXXV(b)

Reëelheid van verskille by vraag 67 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Mansmodes.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 23 18 | 20 | | 18 | 20 | | 25 | 21 | | 25 | 24 | | 29 | 31 | | 30 | 22 | | 33 | 14 | 22 | 24 | 23 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Op 14 jaar het beduidend meer seuns as meisies die suggestie aangemerk en tussen 13 en 14 jaar meisies is die verskil beduidend waar meer ppe. uit die ouer meisies getrek is.

Die geringe verskeidenheid en afwisseling in mansmodes wat algemeen erken word, is waarskynlik verantwoordelik vir die kleiner persentasie ppe. deur die suggestie getrek. Seuns van 14 jaar begin gewoonlik in meisies belangstel en gepaard daarmee gaan belangstelling in hulle persoonlike voorkoms en klere.

(iii) Seuns en meisies stry met mekaar oor smake en voorkeur in leesstof.

Tabel XXXV(c)

Reëelheid van verskille by vraag 67 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Smake en voorkeur, leesstof.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 19 21 | 22 | | 26 | 19 | | 33 | 21 | | 38 | 34 | | 39 | 42 | | 44 | 38 | | 71 | 43 | 25 | 34 | 30 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | − | | + | | − | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Hierdie/...

Hierdie suggestie het 25% seuns en 34% meisies uit ons ppe. getrek. Deurgaans is meer meisies as seuns deur die suggestie getrek en beduidende verskille kom voor op 14, 15 en 18 jaar. By meisies is die styging by hoër leeftye beduidend tussen 13 en 14, 14 en 15 asook tussen 17 en 18 jaar. By seuns is die verskille beduidend tussen 15 en 16 asook tussen 16 en 17 jaar met meer ppe. uit die hoër leeftye getrek.

Die groter persentasie ppe. uit die ouer leerlinge getrek kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat hulle smaak op hoër ouderdomme soveel ontwikkel is dat hulle 'n definitiewe standpunt kan inneem en met mekaar daaroor kan verskil. Dit is te verstaan dat seuns en meisies wat leesstof betref van mekaar sal verskil.

(iv) Seuns en meisies stry met mekaar oor sporthelde.

Tabel XXXV(d)

Reëelheid van verskille by vraag 67 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Sporthelde.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 47 28 | 37 | | 31 | 33 | | 33 | 30 | | 35 | 32 | | 31 | 35 | | 39 | 32 | | 29 | 14 | 32 | 33 | 33 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | + | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie het 32% uit die seuns en 33% uit die meisies getrek. Op 12 jaar het beduidend meer seuns as meisies hierdie suggestie aangemerk en op 15 jaar meer meisies as seuns. Tussen 16 en 17 jaar kom 'n beduidende styging by meisies voor. Die gegewens dui daarop dat seuns sowel as meisies in sport en sporthelde belangstel en graag daaroor stry omdat hulle helde ook sal verskil.

(v)/...

(v) Seuns en meisies stry met mekaar oor filmsterre.

Tabel XXXV(e)

Reëelheid van verskille by vraag 67 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Filmsterre.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 16 26 | 18 | | 24 | 18 | | 24 | 19 | | 26 | 21 | | 22 | 16 | | 17 | 18 | | 5 | 14 | 19 | 24 | 22 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het 19% seuns en 24% meisies getrek. Meer meisies as seuns het hierdie suggestie aangemerk en beduidende verskille is dan ook merkbaar op 13, 14 en 15 jaar. Die gegewens dui daarop dat meisies op hierdie genoemde ouderdomme meer belangstel in filmsterre as wat die geval met seuns is en dat die stryery waarskynlik meer oor die onderwerp as oor die persone gaan.

(vi) Seuns en meisies stry met mekaar oor volkshelde.

Tabel XXXV(f)

Reëelheid van verskille by vraag 67 suggestie (f) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Volkshelde.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 11 9 | 9 | | 11 | 10 | | 11 | 9 | | 11 | 11 | | 11 | 12 | | 15 | 13 | | 10 | – | 10 | 11 | 11 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

In verhouding met die ander suggesties het hierdie suggestie 'n betreklik lae persentasie uit die ppe. getrek, nl. 10% seuns en 11% meisies. Geen beduidende verskille

kom/...

kom voor tussen leeftye of geslagte nie en dit skyn asof daar oor die algemeen eenstemmigheid onder die adolessente is wat die volkshelde betref of as alternatief verswyg hulle die verskille wat hieroor bestaan baie taktvol.

(vii) <u>Seuns en meisies stry met mekaar oor politieke sienswyses</u>

<u>Tabel XXXV(g)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 67 suggestie (g) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u> Politieke sienswyses.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 5 | 10 | 9 | | 7 | 11 | | 11 | 10 | | 13 | 15 | | 16 | 21 | | 20 | 19 | | 24 | 7 | 12 | 12 | 12 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | + | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Net soos die vorige suggestie het ook hierdie een maar min ppe. getrek, nl. 12% uit die seuns sowel as die meisies. 'n Beduidende styging by die hoër ouderdomsgroepe kom voor by meisies tussen 13 en 14, asook tussen 15 en 16 jaar. Die ouer leerlinge neem dus al meer en meer 'n definitiewe standpunt oor politieke sake in maar die gegewens dui daarop dat die seuns en meisies nie graag met mekaar hieroor stry nie omdat hulle waarskynlik dieselfde standpunt huldig of uit 'n fynere etiket nie met mekaar hieroor stry nie maar tevrede is om van mekaar te verskil.

(viii) <u>Seuns en meisies stry met mekaar oor onderwysers.</u>

<u>Tabel XXXV(h).</u>

Reëelheid van verskille by vraag 67 suggestie (h) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u> Onderwysers.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 31 | 29 | 29 | | 35 | 26 | | 34 | 31 | | 34 | 36 | | 32 | 40 | | 46 | 50 | | 57 | 21 | 31 | 34 | 33 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | + | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

'n Goeie persentasie van die ppe. is getrek deur hierdie suggestie, nl. 31% seuns en 34% meisies. Op 13 en

14/...

14 jaar is beduidend meer meisies as seuns getrek en tussen 14 en 15 jaar seuns asook tussen 16 en 17 jaar meisies is 'n beduidende styging by die hoër leeftye merkbaar. In watter opsig hulle met mekaar oor onderwysers stry, is nie vasgestel nie.

(ix) <u>Samevatting: Waaroor seuns en meisies met mekaar stry.</u>

Seuns en meisies stry met mekaar oor 'n verskeidenheid onderwerpe soos blyk uit die feit dat elkeen van die suggesties 'n redelike persentasie ppe. getrek het. Die belangrikste onderwerp is vrouemodes wat 'n aanduiding is dat daar nie eenstemmigheid tussen die twee geslagte t.o.v. die kleredrag van die vroulike geslag is nie. Ook oor sporthelde verskil die twee geslagte en stry dikwels daaroor, wat moontlik 'n aanduiding is dat die smaak t.o.v. sport (deelname daarvan sowel as om toeskouer te wees) tussen die twee geslagte uiteenlopend is. Dit is te verstaan dat verskil van mening oor onderwysers in 'n groot mate voorkom. Waarskynlik hou meisies van sekere onderwysers terwyl seuns weer nie van die betrokke onderwysers hou nie en ook andersom. Smake en voorkeur t.o.v. leesstof is 'n belangrike onderwerp waaroor hulle stry en 'n goeie persentasie ppe. is hierdeur getrek.

Van effens minder belang is die verskille oor mansmodes, waarskynlik omdat daar nie so 'n verskeidenheid modes vir die manlike geslag voorkom nie of omdat seuns nie in so 'n groot mate op die nakoming van modes gesteld is as wat die geval met meisies is nie, soos reeds hierbo genoem is. Ook filmsterre is 'n minder belangrike onderwerp waaroor seuns met meisies stry. Moontlik is dit te danke aan 'n geringer belangstelling by die seuns wat nie so uitgesproke oor sekere filmsterre is nie en die meisies gevolglik minder opponeer in hulle keuse van helde en heldinne uit die filmwêreld.

Die/...

Die feit dat die geringste persentasie ppe. getrek is deur die twee suggesties oor volkshelde en politieke sienswyses dui daarop dat politiek nie 'n vername rol in die gesprekke tussen seuns en meisies speel nie of aan die ander kant dat daar oor hierdie sake in 'n groot mate eenstemmigheid bestaan by die leerlinge van die middelbare skool.

3. Adolessente in sosiale groepe of klieke georganiseer?

Die vraagstuk wat hier ondersoek word, kom daarop neer of die skoolgaande adolessent by geheime of geslote groepe of klieke inskakel. Indien dit wel die geval is, word getrag om vas te stel wat die aard van sodanige „organisasies" is om te kan bepaal of dit enige verband met of waarde vir die sosiale ontwikkeling van die jeug het.

(a) Is daar geslote groepe onder die jeug van die betrokke skole van die ppe.?

Of daar geslote groepe onder die kinders van die betrokke skole bestaan, word in tabel XXXVI en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties, in tabelle XXXVI(a) tot XXXVI(c) aangetoon.

Tabel XXXVI

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 53 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 53. Is daar geslote groepe onder die kinders van u skool?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 45 | 43 | 45 | 48 | 48 | 54 | 50 | 56 | 55 | 52 | 49 | 59 | 44 | 62 | 50 | 49 | 53 | 51 |
| ges- | b | 15 | 3 | 15 | 11 | 28 | 10 | 15 | 9 | 15 | 9 | 13 | 14 | 16 | 14 | 36 | 18 | 10 | 14 |
| ties | c | 31 | 29 | 34 | 35 | 23 | 32 | 31 | 31 | 28 | 27 | 33 | 26 | 32 | 14 | 14 | 29 | 31 | 30 |

(i) Daar is geslote groepe by die betrokke skole.

Sien bl. 234 vir tabel XXXVI(a).

Ongeveer die helfte van die ppe. sê dat daar wel geslote groepe onder die leerlinge van hulle skole bestaan,

nl./...

## Tabel XXXVI(a)

Reëelheid van verskille by vraag 53 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ja.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 45 | 43 | 45 | | 48 | 48 | | 54 | 50 | | 56 | 55 | | 52 | 49 | | 59 | 44 | | 62 | 50 | 49 | 53 | 51 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

nl. 49% seuns en 53% meisies. Meer meisies as seuns is deur die suggestie getrek met beduidende verskille op ouderdomme 14, 15 en 17 jaar.

Die gegewens dui daarop dat meer meisies bewus is van geslote groepe as waarvan seuns bewus is of dat meisies meer deel het aan dergelike „organisasies" as seuns.

(ii) Daar is nie geslote groepe by die betrokke skole nie.

## Tabel XXXVI(b)

Reëelheid van verskille by vraag 53 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nee.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 15 | 3 | 15 | | 11 | 28 | | 10 | 15 | | 9 | 15 | | 9 | 13 | | 14 | 16 | | 14 | 36 | 18 | 10 | 14 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leef-tye | 12 | + | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

'n Klein persentasie, nl. 18% seuns en 10% meisies, sê dat daar nie sulke groepe by hulle skole bestaan nie. Meer seuns as meisies is deur hierdie suggestie getrek met beduidende verskille op ouderdomme 14, 15 en 16 jaar.

Die gegewens dui daarop dat meer geslote groepe by die meisies voorkom of dat die seuns minder bewus is van

die/...

die geslote groepe wat daar aan hulle skole bestaan.

(iii) Die ppe. weet nie of daar geslote groepe by die betrokke skole is nie.

Tabel XXXVI(c)

Reëelheid van verskille by vraag 53 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Weet nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 31 29 | 34 | | 35 | 23 | | 32 | 31 | | 31 | 28 | | 27 | 33 | | 26 | 32 | | 14 | 14 | 29 | 31 | 30 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | + | | − | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | + | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Op 14 jaar is beduidend meer meisies as seuns onseker en op 18 jaar is meer seuns as meisies onseker of daar geslote groepe aan hulle skole bestaan. Hierdie suggestie het 29% seuns en 31% meisies uit die ppe. getrek, sodat dit beteken dat minstens hierdie persentasie nie aan sulke groepe behoort nie, anders sou hulle daarvan geweet het. Tussen 17 en 18 jaar is daar 'n beduidende daling by die meisies, wat daarop dui dat minder ppe. onseker is van die bestaan van sulke groepe. As dit in verband gebring word met die persentasie wat sê dat daar wel geslote groepe bestaan (Tabel XXXVI(a)), wil dit voorkom of die geslote groepe by die ouer meisies meer gewild is.

(iv) Samevatting: Is daar geslote groepe onder die kinders in die skole van die ppe.?

Ongeveer die helfte van die ppe. is seker dat daar wel geslote groepe aan hulle skole bestaan terwyl 'n goeie persentasie onseker is of daar sulke geslote groepe bestaan. 'n Klein persentasie ppe. meen dat daar geen geslote groepe by hulle skole bestaan nie. Meer meisies

as/...

as seuns is bewus van die bestaan van die groepe en dit wil voorkom asof die geslote groepe by die hoër leeftye en ook onder die meisies meer gewild is of meer algemeen voorkom, met die gevolg dat meer van die ouer meisies van die bestaan van dergelike groepe bewus is.

(b) Is die ppe. self lede van geslote groepe?

Tabel XXXVII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 54 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 54. Is u self lid van so 'n groep?

| Leeftyd | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Suggesties a | 24 | 31 | 21 | 22 | 21 | 28 | 22 | 31 | 25 | 29 | 26 | 27 | 24 | 19 | 29 | 22 | 28 | 25 |
| b | 63 | 59 | 63 | 66 | 70 | 60 | 66 | 57 | 67 | 57 | 64 | 66 | 63 | 21 | 57 | 66 | 60 | 63 |
| c | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

Of die ppe. lede van geslote groepe is of nie, word aangetoon in tabel XXXVII en die reëelheid van verskille tussen die geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XXXVII(a) en XXXVII(b).

(i) Die ppe. is self lid van so 'n groep.

Tabel XXXVII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 54 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ja.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 24 31 | 21 | | 22 | 21 | | 28 | 22 | | 31 | 25 | | 29 | 26 | | 27 | 24 | | 19 | 29 | 22 | 28 | 25 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | - | | - | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Uit die aantal ppe. sê 22% seuns en 28% meisies dat hulle lede van dergelike geslote groepe is. Meer meisies as seuns is deur hierdie suggestie getrek en beduidende verskille kom voor op 14 en 15 jaar.

Hoewel/...

Hoewel 12% van die ppe. hierdie suggestie nie beantwoord het nie dui die gegewens daarop dat meer ppe. uit die meisies lede van dergelike groepe is. Van al die ppe. is dus slegs een uit elke vier 'n lid van hierdie geslote groepe.

(ii) Ppe. is self nie lid van so 'n groep nie.

Tabel XXXVII(b)

Reëelheid van verskille by vraag 54 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nee.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 63 | 59 | 63 | | 66 | 70 | | 60 | 66 | | 57 | 67 | | 57 | 64 | | 66 | 63 | | 21 | 57 | 66 | 60 | 63 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | + | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| | 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | + | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | + | | − | | | |

Volgens die gegewens is 66% seuns en 60% meisies nie lid van dergelike geslote groepe nie. Meer seuns as meisies is nie lede van geslote groepe nie en beduidende verskille kom voor op ouderdomme 14, 15, 16 en 18 jaar. By die hoër leeftye is 'n afname by meisies merkbaar met beduidende verskille tussen 13 en 14 jaar asook tussen 17 en 18 jaar.

Hoewel geslote groepe dus meer by meisies as by seuns voorkom, neem dit in belangrikheid toe by die ouer meisies en hou dit waarskynlik verband met die oorgang van groepe wat uit lede van dieselfde geslag bestaan na groepe wat uit lede van die teenoorgestelde geslagte bestaan.

(iii) Samevatting: Is die ppe. self lede van geslote groepe?

Slegs 22% seuns en 28% meisies sê dat hulle lede van geslote groepe is teenoor 66% seuns en 60% meisies wat

sê/...

sê dat hulle nie lede is nie. Van die ppe. het 12% hierdie vraag nie beantwoord nie. Meer meisies as seuns is lede van hierdie groepe.

(c) Of die ppe. graag lede van dergelike groepe wil wees.

Tabel XXXVIII

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 55 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 55. Indien u nie lid is van so 'n groep nie, wil u graag een wees?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 18 | 16 | 18 | 11 | 18 | 16 | 15 | 15 | 10 | 10 | 12 | 8 | 12 | - | - | 15 | 14 | 15 |
| ges- | b | 55 | 49 | 49 | 51 | 53 | 49 | 54 | 44 | 54 | 44 | 50 | 54 | 51 | 57 | 64 | 53 | 36 | 44 |
| ties | c | 11 | 12 | 13 | 15 | 13 | 14 | 13 | 15 | 16 | 15 | 18 | 12 | 15 | 5 | - | 14 | 14 | 14 |

Of die ppe. wat nie lede van dergelike groepe is nie graag lede wil word, word aangetoon in tabel XXXVIII en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XXXVIII(a) tot XXXVIII(c).

(i) Ppe. wil graag lede van dergelike groepe wees.

Tabel XXXVIII(a)

Reëelheid van verskille by vraag 55 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ja.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Die grootste persentasie ppe., nl. 19% seuns en 18% meisies uit die groottotaal ppe., d.w.s. ongeveer 4 uit elke 5 lede van die groep, hou hulle nie streng by 'n kenmerkende kleredrag nie, waarskynlik omdat hulle voldoen aan die vereistes van hulle skooldrag.

(iii) <u>Al die lede van die groep hou hulle sover moontlik by die kenmerkende kleredrag</u>.

<u>Tabel XLIV(c)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 61 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie</u>:
Sover moontlik.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 5 6 | 5 | | 8 | 7 | | 8 | 5 | | 6 | 3 | | 3 | 1 | | 3 | 1 | | - | - | 5 | 6 | 5 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Slegs/...

Slegs 5% seuns en 6% meisies uit die ppe. wat aan groepe behoort, hou hulle sover moontlik by die kenmerkende kleredrag van die groep. Hoewel beduidende verskille nie voorkom nie skyn dit hier ook of die hoër ouderdomsgroepe minder deur hierdie suggestie getrek is, omdat hulle soos volwassenes aantrek.

(iv) Samevatting: Hou die lede van die groep hulle streng by die kenmerkende kleredrag?

Die meeste van die ppe. hou hulle nie streng by 'n kenmerkende kleredrag vir die betrokke groep nie, waarskynlik omdat hulle hulle hou by die skooldrag wat by die meeste skole in gebruik is. Die tekens dat die ouer leerlinge al minder deur die suggestie getrek is om by 'n kenmerkende kleredrag te hou, dui daarop dat hulle hulle al meer en meer sien in die rol en kleredrag van volwassenes as die korrekte kleredrag vir hulleself. Hier is dus nie die verskynsel van „ducktail"-groepe nie.

(j) Het die groep sy eie manier om dinge te sê?

Of die groep sy eie manier het om dinge te sê, word aangetoon in tabel XLV en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XLV(a) tot XLV(c).

Tabel XLV

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 62 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 62. Het hierdie groep sy eie manier om dinge te sê?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| Sug- | a | 11 | 9 | 13 | 14 | 12 | 12 | 10 | 11 | 8 | 7 | 8 | 8 | 3 | - | - | 10 | 11 | 11 |
| ges- | b | 6 | 16 | 13 | 7 | 12 | 12 | 12 | 12 | 13 | 9 | 10 | 8 | 16 | 10 | 21 | 12 | 7 | 10 |
| ties | c | 16 | 10 | 12 | 15 | 11 | 21 | 12 | 18 | 11 | 19 | 13 | 11 | 7 | 5 | 7 | 12 | 17 | 15 |

(i) Die groep het sy eie manier om dinge te sê.

Sien bl. 258 vir tabel XLV(a).

Van ons ppe. het 10% seuns en 11% meisies uit die groottotaal ppe., d.w.s. twee uit elke 5 wat lede is, hierdie suggestie aangemerk. Hoewel die verskil slegs

tussen/...

Tabel XLV(a)

Reëelheid van verskille by vraag 62 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ja.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 11 9 | 13 | | 14 | 12 | | 12 | 10 | | 11 | 8 | | 7 | 8 | | 8 | 3 | | – | – | 10 | 11 | 11 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

tussen 15 en 16 jarige meisies beduidend is, is hier 'n geleidelike daling merkbaar namate die ppe. ouer word, sodat dit voorkom asof die ouer adolessente meer soos volwassenes wil optree en ook praat.

(ii) Die groep het nie sy eie manier om dinge te sê nie.

Tabel XLV(b)

Reëelheid van verskille by vraag 62 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Nee.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 6 16 | 13 | | 7 | 12 | | 12 | 12 | | 12 | 13 | | 9 | 10 | | 8 | 16 | | 10 | 21 | 12 | 7 | 10 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | + | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | + | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Deur hierdie suggestie is 12% seuns en 7% meisies uit ons ppe. getrek. 'n Styging tussen 12 en 13 jarige seuns en tussen 13 en 14 jarige meisies is merkbaar sodat die gegewens ook daarop dui dat die ouer adolessente minder soos onvolwassenes wil praat.

(iii)/...

(iii) Die groep het in 'n mate wel sy eie manier om dinge te sê.

Tabel XLV(c)

Reëelheid van verskille by vraag 62 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
In 'n mate wel.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 16 10 | 12 | | 15 | 11 | | 21 | 12 | | 18 | 11 | | 19 | 13 | | 11 | 7 | | 5 | 7 | 12 | 17 | 15 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye 15 | | | | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Die suggestie dat die groep in 'n mate wel hulle eie manier het om dinge te sê, het 12% seuns en 17% meisies getrek. Oor die algemeen is meer ppe. uit die meisies getrek met beduidende verskille op ouderdomme 14, 15 en 16 jaar. Die beduidende styging tussen 13 en 14 jarige meisies word weer opgevolg deur 'n beduidende daling tussen 16 en 17 jarige meisies, sodat ook hier 'n daling by hoër ouderdomsgroepe opgemerk word.

(iv) Samevatting:

Het die groep sy eie manier om dinge te sê?

Min of meer 'n gelyke persentasie sê dat hulle groepe 'n eie manier het om dinge te sê, teenoor die wat sê dat hulle nie 'n eie manier daarvoor het nie. Indien ons die groep wat sê dat hulle in 'n mate wel 'n eie manier het om dinge te sê, saam met die eersgenoemde groepeer, wil dit voorkom asof daar wel by die groepe die neiging bestaan om sekere dinge op hulle eie kenmerkende manier te sê, bv. die Randse jeugtaal. Dit kom veral onder die jonger adolessente voor, terwyl die wat ouer is minder van 'n groeptaal gebruik maak. Die rol wat 'n geheime taal speel, is nie ondersoek nie maar dit hou waarskynlik verband met die

sterker/...

sterker neiging onder die jongeres om dinge op 'n eie manier te sê.

(k) Waarom dit die moeite werd is om aan die groep te behoort.

Die redes waarom dit die moeite werd is om aan die groep te behoort, word aangetoon in tabel XLVI en die reëelheid van verskille tussen geslagte en leeftye by elkeen van die suggesties in tabelle XLVI(a) tot XLVI(f).

Tabel XLVI

Persentasie ppe. deur die verskillende suggesties by vraag 63 getrek, ingedeel volgens geslag en leeftyd.

Vr. 63. Waarom is dit die moeite werd om aan die groep te behoort?

| Leeftyd | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 | | 16 | | 17 | | 18 | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | m | s | ST | MT | SMT |
| | a | 13 | 16 | 13 | 11 | 11 | 12 | 13 | 7 | 12 | 10 | 10 | 3 | 9 | 5 | - | 12 | 10 | 11 |
| | b | 10 | 12 | 9 | 10 | 11 | 15 | 11 | 17 | 13 | 11 | 14 | 12 | 13 | 10 | 7 | 11 | 13 | 12 |
| Sug- | c | 11 | 7 | 7 | 8 | 7 | 10 | 9 | 11 | 7 | 11 | 11 | 9 | 7 | 1 | - | 8 | 10 | 9 |
| ges- | d | 2 | 7 | 7 | 6 | 6 | 6 | 6 | 8 | 6 | 5 | 6 | 6 | 10 | 14 | - | 6 | 7 | 7 |
| ties | e | 13 | 18 | 17 | 14 | 13 | 20 | 12 | 22 | 14 | 19 | 15 | 19 | 21 | 24 | 7 | 14 | 19 | 17 |
| | f | 5 | 6 | 7 | 7 | 7 | 10 | 7 | 10 | 8 | 8 | 12 | 8 | 12 | 5 | 21 | 8 | 9 | 9 |

(i) Dis sommer lekker om in 'n ding te wees waar grootmense niks te sê het nie.

Tabel XLVI(a)

Reëelheid van verskille by vraag 63 suggestie (a) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dis sommer lekker om in 'n ding te wees waar grootmense niks te sê het nie.

| Leeftyd | 12 | | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 13 | 16 | 13 | | 11 | 11 | | 12 | 13 | | 7 | 12 | | 10 | 10 | | 3 | 9 | | 5 | - | 12 | 10 | 11 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | - | | - | | + | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | + | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Deur hierdie suggestie is 12% seuns en 10% meisies getrek, uit die groottotaal ppe. dus minstens 2 uit elke 5 lede van die groepe. Op 15 jaar is meer seuns as

meisies/...

meisies deur die suggestie getrek en tussen 14 en 15 jaar asook tussen 16 en 17 jaar meisies is 'n beduidende daling by die hoër ouderdomsgroepe merkbaar.

Die begeerte om onafhanklik van volwassenes op te tree, is dus by die ouer ppe. geringer, waarskynlik omdat aan hulle meer geleentheid gegun word om selfstandig op te tree.

(ii) Dit bind adolessente van dieselfde leeftyd by mekaar.

Tabel XLVI(b)

Reëelheid van verskille by vraag 63 suggestie (b) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Dit bind ons van dieselfde leeftyd by mekaar.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 10 12 | 9 | | 10 | 11 | | 15 | 11 | | 17 | 13 | | 11 | 14 | | 12 | 13 | | 10 | 7 | 11 | 13 | 12 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | − | − | | − | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | − | | − | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | + | | − | | − | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | + | | − | | + | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | − | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | − | | − | | | |

Hierdie suggestie is deur 11% seuns en 13% meisies aangemerk dus ook 'n goeie deel van die wat lede van groepe is. Van 12 tot 15 jaar is meer ppe. uit die meisies getrek met beduidende verskille op ouderdomme 13 en 14 jaar. 'n Beduidende styging tussen meisies van 13 en 14 jaar wys op die geleidelike styging tot by 15 jarige meisies gevolg deur 'n daling met 'n beduidende verskil tussen meisies van 15 en 16 jaar.

Die gegewens dui daarop dat by die meisies tussen 14 en 15 jaar veral 'n sterk samebinding aan mekaar (die groepverband) gevind word en by die ander leeftye ook 'n rol speel.

(iii)/...

(iii) Ppe. kan hulleself in die groepe uitleef soos hulle nie by die grootmense kan doen nie.

Tabel XLVI(c)

Reëelheid van verskille by vraag 63 suggestie (c) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek kan my daar uitleef soos ek nie by die grootmense kan nie.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 11 | 7 | 7 | | 8 | 7 | | 10 | 9 | | 11 | 7 | | 11 | 11 | | 9 | 7 | | 1 | - | 8 | 10 | 9 |
| Vglyking | | sm | m | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hierdie suggestie het 8% seuns en 10% meisies uit ons ppe. getrek. Geen beduidende verskille tussen geslagte en opeenvolgende leeftye kom egter voor nie en 'n reëlmatige persentasie is uit alle leeftye getrek, sodat dit voorkom of die sosiale ontwikkeling in die groep bevorder word.

(iv) In die groepe leer die ppe. om self leiding te gee.

Tabel XLVI(d)

Reëelheid van verskille by vraag 63 suggestie (d) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:
Ek leer daar om self leiding te gee.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 2 | 7 | 7 | | 6 | 6 | | 6 | 6 | | 8 | 6 | | 5 | 6 | | 6 | 10 | | 14 | - | 6 | 7 | 7 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | – | + | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Hier is 6% seuns en 7% meisies deur die suggestie getrek uit die groottotaal ppe., d.w.s. minstens 1 uit elke 5 lede van die groepe, 'n persentasie wat ons kan aanneem wat ook die leiers onder die skoolgaande adolessente is en

sal/...

sal wees. Slegs tussen seuns van 12 en 13 jaar kom 'n beduidende styging voor en origens geen beduidende verskille nie. Hoewel adolessente waarskynlik weens hulle beskeidenheid (tabel XIII(b) bl. 114 ) nie bewustelik leiers wil wees nie, wil hulle waarskynlik leer hoe om as leiers op te tree.

(v) <u>Die ppe. leer om ander beter te verstaan.</u>

<u>Tabel XLVI(e)</u>

Reëelheid van verskille by vraag 63 suggestie (e) t.o.v. geslag en leeftyd.

<u>Suggestie:</u>
Ek leer andere beter verstaan.

| Leeftyd | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | 13 18 | 17 | | 14 | 13 | | 20 | 12 | | 22 | 14 | | 19 | 15 | | 19 | 21 | | 24 | 7 | 14 | 19 | 17 |
| Vglyking | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| Leeftye 12 | – | – | | – | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | – | | – | | + | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | + | | – | | – | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | – | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | – | | – | | | |

Uit die ppe. is 14% seuns en 19% meisies getrek deur hierdie suggestie. Deurgaans meer meisies as seuns het hierdie suggestie aangemerk met beduidende verskille op 14, 15 en 16 jaar. Die beduidende styging tussen meisies van 13 en 14 jaar wys op 'n daling wat by 13 jaar voorkom.

Die redelike persentasie deur hierdie suggestie getrek, wys op die werklike behoefte wat daar by die adolessent bestaan om ander te begryp, juis omdat hy homself nie verstaan nie en so daarna smag dat ander hom sal begryp. Hy maak dus gebruik van die groep om 'n beter begrip van ander persone te vorm en om homself so te leer ken. Dis sosiale opvoeding en ontwikkeling.

(vi) <u>Die waarde van die groep lê daarin dat seuns en meisies die geleentheid kry om gesellig met mekaar te verkeer.</u>

Tabel XLVI(f)/...

Tabel XLVI(f)

Reëelheid van verskille by vraag 63 suggestie (f) t.o.v. geslag en leeftyd.

Suggestie:

Seuns en meisies kry geleentheid om gesellig met mekaar te verkeer.

| Leeftyd | | 12 | 13 | | | 14 | | | 15 | | | 16 | | | 17 | | | 18 | | | 19 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | | s m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | | m | s | ST | MT | SMT |
| % ppe. | | 5 6 | 7 | | 7 | 7 | | 10 | 7 | | 10 | 8 | | 8 | 12 | | 8 | 12 | | 5 | 21 | 8 | 9 | 9 |
| Vglyking | | sm | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | sm | m | s | ST | MT | SMT |
| | 12 | - | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | 13 | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Leef- | 14 | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | | | | |
| tye | 15 | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | | | | |
| | 16 | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | | | | |
| | 17 | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | - | | | | |
| | 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | | - | | - | | | |

Hoewel geen beduidende verskille voorkom nie, skyn dit tog of meer ppe. uit die hoër ouderdomsgroepe getrek is, waarskynlik omdat die belangstelling in die teenoorgestelde geslag hier sterker is en die ppe. geleenthede soek om met mekaar in aanraking te kom.

(vii) Samevatting: Waarom dit die moeite werd is om aan die groep te behoort.

Die feit dat elkeen van die suggesties 'n redelike persentasie ppe. getrek het, dui daarop dat die funksies van die geslote groepe omvattend en wyd is. Vir sommige is dit sommer lekker om in 'n ding te wees waar grootmense niks te sê het nie. Hierdie gesindheid is 'n aanduiding van die selfstandigheidsgevoel waar hulle keuses wil maak en dinge wil doen soos hulle wil, maar dit dui ook daarop dat die adolessente hulleself nie as volwassenes beskou en met volwassenes wil omgaan nie.

Vir sommige van die ppe. is die groep 'n middel om jongmense van dieselfde leeftyd by mekaar te hou en dui daarop dat 'n sterk saamhorigheidsgevoel by hulle bestaan, saamhorigheid t.o.v. ander soos hulleself en van dieselfde leeftyd.

Ander/...

Ander ppe. voel dat hulle hulleself in die groep kan uitleef soos hulle dit nie by grootmense kan doen nie, wat ook daarop dui dat hulle hulself nog nie as volwassenes beskou nie en ook nie as sodanig behandel wil wees nie. Vir die klein persentasie leiers is daar geleentheid om leierskap te beoefen in situasies waar dit nie soos by volwassenes 'n vreeslike flater sal wees indien geringe foute begaan word nie.

Die grootste persentasie ppe. vind in die groep die geleentheid om ander beter te verstaan. Dit dui op 'n werklike behoefte aan begrip van homself sowel as van ander en kan miskien daaraan toegeskryf word dat hy homself sowel as sy maats nie verstaan nie as gevolg van die algemene wisseling in emosies, houding, opvattinge, ens., wat kenmerkend van die adolessensie is. Die meisie voel die behoefte om ander persone te verstaan miskien sterker aan as die seun, soos die beduidende verskille ook aantoon.

Vir die adolessente wat aan gemengde groepe behoort, is daar in die groepe die geleentheid om gesellig met die teenoorgestelde geslag te verkeer en dit maak dit vir hulle die moeite werd om aan die betrokke groepe te behoort.

4. <u>Samevatting: Die rol van jongmense in die opvoeding en sosiale ontwikkeling van die adolessent.</u>

Die opvoeding en sosiale ontwikkeling van die adolessent het te doen met sy vorming as indiwidu met 'n indiwiduele persoonlikheid, vermoëns, emosionele gesteldheid en 'n eie strewingslewe. Al hierdie aspekte bly egter nie op die indiwiduele toegespits nie want die mens is ook lid van 'n gemeenskap en hy lewe as lid van die gemeenskap. Sommige van hierdie gemeenskappe bring hom noodwendig in aanraking met ander jongmense soos hyself en daarom is dit dat ons die adolessent ook wil benader as lid van die sosiale gemeenskappe wat bestaan uit ander adolessente.

Uit/...

Uit die aard van die saak moet die adolessent as jongmens noodwendig in aanraking kom met jongmense van dieselfde geslag of van die teenoorgestelde geslag, jongmense wat ook indiwidue is met indiwiduele verskille maar wat terselfdertyd ook gemeenskapswesens is waar die verskillende indiwidue as toevallige of georganiseerde groepe optree en met elke ander adolessent in verhoudings staan. Ons praat hiervan as sosiale verhoudings en in die ondersoek het ons die sosiale verband nagegaan tussen die adolessente en ander adolessente as indiwidue of groepe van dieselfde of die teenoorgestelde geslag.

(a) Die rol van lede van dieselfde geslag.

Omdat die opvoeding van jongmense deur jongmense onopsetlik geskied, kon dit die beste nagegaan word deur die gesprekke van seuns onderling en die gesprekke van meisies onderling te bestudeer. Vervolgens is dit moontlik om vas te stel of die adolessente 'n werklike behoefte voel aan 'n intieme vriend(-in) van dieselfde geslag, hoe oud so 'n persoon moet wees en of hulle een het.

(i) Waaroor die gesprekke van adolessente met lede van hulle eie geslag gaan.

Hoewel die temas waaroor die gesprekke van seuns onderling en meisies onderling gaan, verskille aantoon, is daar tog 'n onderliggende verband en ooreenkoms.

Die gesprekke van seuns onderling gaan veral oor sport, meisies, skoolwerk en 'n toekomstige beroep. By meisies is die meeste ppe. getrek deur die suggesties wat gaan oor skoolwerk, mooi klere, sport en seuns. Vir albei geslagte is partytjies en piekniekse of byeenkomste saam met die teenoorgestelde geslag belangrik, veral by die hoër leeftye waar die belangstelling in die teenoorgestelde geslag al sterk ontwikkel is.

Vir/...

Vir seuns is filmsterre en gesprekke oor ander seuns van minder belang terwyl hierdie suggesties 'n redelike sterk persentasie ppe. uit die meisies getrek het. Verder is mooi klere en die bekrompenheid van volwassenes t.o.v. die jeug vir seuns van minder belang terwyl meisies baie gesels oor mooi klere maar ook hulle praat minder oor die bekrompenheid van volwassenes t.o.v. die jeug, waarskynlik omdat die volwassenes met wie hulle in aanraking kom nie bekrompenheid openbaar nie.

(ii) <u>Die behoefte aan 'n intieme vriend(-in) van die eie geslag.</u>

Ons gegewens dui daarop dat by seuns sowel as meisies 'n behoefte bestaan aan iemand van hulle eie geslag met wie hulle al hulle geheime en probleme kan bespreek. Hierdie behoefte neem toe met leeftyd en die meeste ppe. verkies dat hierdie intieme vriend(-in) min of meer net so oud soos hulleself moet wees, m.a.w. uit dieselfde ouderdomsgroep. Hierdie vriend(-in) moet hom/haar waarskynlik help om te voldoen aan die vereistes en standaarde van die besondere ouderdomsgroep waaraan hulle deel het. Die meeste adolessente besit so 'n intieme vriend(-in) wat vir hulle iets kan beteken in hulle opvoeding en sosiale ontwikkeling.

Hierdie gegewens dui daarop dat die adolessent nie as enkeling wil leef en optree in al sy handel en wandel nie maar met maats soos hy, met mense in die algemeen, m.a.w. in die gemeenskap, wil leef. Dit is dan ook die ander mense soos hy wat deur hulle houding, goedkeuring of afkeuring bepaal in watter rigting al sy handelinge sal plaasvind en die intieme vriend(-in) kan hom waarskynlik help om goed- of afkeuring te vertolk en daarvolgens te handel.

(b) <u>Die rol van lede van die teenoorgestelde geslag.</u>

Die rol wat lede van die teenoorgestelde geslag speel in die opvoeding en die sosiale ontwikkeling van die

adolessent/...

adolessent is tweeledig van aard. In die eerste plek kry ons die teenoorgestelde geslag as groep waar die adolessent met verskillende persone omgaan in algemene situasies waar 'n aantal persone van albei geslagte teenwoordig is. Aan die ander kant kry ons ook die enkele en besondere persoon van die teenoorgestelde geslag met wie die adolessent te doen het in bepaalde situasies waar hulle in 'n besondere verhouding tot mekaar staan. In die eerste geval geskied sy opvoeding en sosiale ontwikkeling daardeur dat hy leer hoe om in die algemeen met jongmense van die teenoorgestelde geslag om te gaan. In die tweede geval leer hy hoe om om te gaan met die besondere persoon wat vir die doel uitgekies is.

Ons ondersoek gaan dan ook oor die houding wat adolessente inneem of ingeneem het t.o.v. intieme omgang met lede van die teenoorgestelde geslag of 'n lid van die teenoorgestelde geslag. Deur middel van gesprekke van seuns en meisies met mekaar voed hulle mekaar op en vind hulle sosiale ontwikkeling, gepaard met indiwiduele ontwikkeling, dan ook plaas.

(i) <u>Intieme omgang met lede van die teenoorgestelde geslag.</u>

Wat die intieme omgang met die teenoorgestelde geslag betref, sal die grootste persentasie seuns wel 'n soen toelaat terwyl die meisies dit nie sal doen nie en meer gereserveerd oor hierdie saak voorkom. By die hoër leeftye is 'n styging by die wat wel intieme omgang sal toelaat terwyl 'n daling by die wat dit nie sal toelaat nie merkbaar is, waarskynlik omdat die ppe. sekerheid verkry van die houding van hulle intieme vriende(-inne).

Die grootste persentasie van die ppe. maar meer meisies as seuns meen dat hulle te jonk is vir intieme omgang met die teenoorgestelde geslag en 'n kleiner persentasie uit albei geslagte voel te skaam daarvoor. Meer meisies as seuns/...

seuns, hoewel by albei geslagte maar 'n geringe persentasie, meen dat dit hulle nie betaam nie of dat 'n soen te veel waarde het om ligtelik daaraan deel te hê.

Die redes wat die ppe. aanvoer waarom hulle 'n soen sal toelaat, wys daarop dat intieme omgang met die teenoorgestelde geslag vir hulle besondere waarde het. Hulle sal intieme omgang slegs toelaat as hulle van die persoon hou, maar in sommige gevalle ook om nie die persoon te affronteer nie en omdat hulle meen dat hulle al oud genoeg daarvoor is, wat 'n aanduiding van hulle strewe na volwassenheid is. Die kleinste persentasie ppe. sal dit toelaat vir die grap, vir die aangename daarvan of omdat andere dit doen.

Meer meisies as seuns het 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag en in albei gevalle het die grootste persentasie ppe. bevestigend geantwoord. Jonger ppe. het nog nie in so 'n mate sekerheid dat hulle wel 'n intieme vriend(-in) het as die ouer ppe. nie en daarom is 'n geleidelike toename merkbaar by hoër leeftye. Die gegewens dui ook daarop dat die losse belangstelling in die teenoorgestelde geslag verdwyn en plek maak vir meer bestendigheid.

Die meeste ppe. hou net een intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag aan sodat ons by die jeug die ideaal aantref om getrou te wees aan hulle intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag, indien hulle reeds een gekies het.

Die grootste persentasie van die ppe. wat meer as een intieme vriend(-in) aanhou, doen dit omdat hulle hulself nie aan een wil bind terwyl hulle nog nie sekerheid van die persoon se gevoelens teenoor hulle het nie, en nog besig is om 'n keuse te maak, veral meisies tussen 14 en 16 jaar. Minder ppe. doen dit om jongmense met mekaar te vergelyk en om meer lewenswysheid op te doen terwyl enkeles

dit/...

dit doen in nabootsing van ander jongmense of om meer getrakteer te word.

Die grootste persentasie ppe. uit die seuns sowel as die meisies hou net een intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag aan omdat hulle hulle verhouding tot die teenoorgestelde geslag in 'n ernstige lig sien as gevolg van hulle ideaal van getrouheid aan mekaar.

(ii) <u>Waaroor die gesprekke gaan as lede van die teenoorgestelde geslag in mekaar se geselskap verkeer.</u>

Wanneer die twee geslagte in mekaar se geselskap verkeer, gaan die gesprekke oor sake van gemeenskaplike belang soos skoolwerk, sport, ander seuns en meisies, 'n toekomstige beroep, partytjies, pieknieks of byeenkomste saam, die onderwysers van hulle skool asook die verhouding van hulle vriende(-inne) met mekaar.

Van minder belang is sulke sake soos filmsterre, die algemene verhouding tussen die geslagte, vorms van vermaak en hulle godsdiens. Die bekrompenheid van volwassenes t.o.v. die jeug, mooi klere, opmaak van meisies met kleursel, vrouemodes en die ruheid van seuns is sake waaroor nie veel gesels word as hulle saam is nie, waarskynlik omdat seuns sowel as meisies nie belangstel in elkeen van die onderwerpe nie, alhoewel meisies onderling of seuns onderling tog daarin mag belangstel soos die geval is met vrouemodes en mooi klere.

'n Belangrike verskynsel is dat die sosiale aspek besondere belangstelling en aandag geniet in die gesprekke waar die twee geslagte saam is, waarskynlik omdat goeie en wenslike verhoudings met mense vir die adolessent van die uiterste belang is.

Sake waaroor seuns en meisies met mekaar stry, is veral dié waaroor daar verskil van opvatting tussen die twee geslagte bestaan, sodat elkeen 'n eie standpunt kan inneem en dit teenoor die ander een kan verdedig. Sake

soos/...

soos vrouemodes, sporthelde, onderwysers, smake en voorkeur t.o.v. leesstof, lewer belangrike strydvrae tussen die twee geslagte. Van minder belang is mansmodes en filmsterre terwyl volkshelde en politieke sienswyses die minste stryery veroorsaak, waarskynlik omdat 'n groot mate van eenstemmigheid in opvattinge bestaan of omdat 'n verstandhouding tussen die geslagte bestaan om nie oor hierdie sake te stry nie al verskil hulle daaroor.

Ook hier is dit van belang dat stryery veral gaan oor sake waarby ander mense betrokke is, m.a.w. die sosiale aspek speel ook hierin 'n beslissende rol.

(c) Die rol van geslote groepe in die opvoeding en sosiale ontwikkeling van die adolessent.

Die meerderheid van ons ppe. is wel bewus van geslote groepe wat aan hulle skole bestaan maar is self nie lede daarvan nie sodat slegs 22% seuns en 28% meisies sê dat hulle wel lede van so 'n groep is. Die rol wat hierdie geslote groepe in Transvaalse middelbare skole speel, is dus nie van 'n ingrypende aard nie. Behalwe die leerlinge wat lede van sulke groepe is, sê 15% seuns en 14% meisies dat hulle graag lede van dergelike groepe sou wou wees maar om die een of ander rede is hulle nie aanvaar as lede van dergelike groepe nie. Die meeste seuns uit die ppe. sê dat die groepe net uit seuns bestaan terwyl die meisies weer sê dat die groepe net uit meisies bestaan. Net 7% seuns en 10% meisies is bewus daarvan of is lede van gemengde groepe aan hulle skole.

Die aktiwiteite van die groepe verskil en vir sommige ppe. is die groepe daar om mekaar met hulle werk te help terwyl die meeste ppe. die groepe sien as 'n geleentheid wat daargestel word om gesellig met mekaar te verkeer, veral meer meisies as seuns. 'n Kleiner persentasie van ons ppe. sê dat dit die funksie van hierdie groepe is om die lede te

leer/...

leer om met mekaar te gesels terwyl die gemengde groepe hulle die geleentheid bied om met die teenoorgestelde geslag om te gaan.

'n Geringe persentasie en veral uit die laer ouderdomsgroepe sê dat die groep 'n geheime organisasie is terwyl meer seuns as dogters lede van sulke geheime organisasies is. Dit hou waarskynlik verband met die afname in die bekoring van die geheimsinnige by ouer adolessente.

By 'n groot persentasie van die groepe is dit geen probleem om lid van die groep te word nie. Hulle kan maar net aansluit as hulle lede van sekere groepe wil word. 'n Kleiner persentasie, veral onder die meisies, kies egter self nuwe lede by. Van minder belang is die prosedure om nuwe lede voor te stel deur twee van die ou lede of dat 'n lid eers aansoek moet doen om lidmaatskap en dit dan deur die groep oorweeg word. Die gegewens dui daarop dat die vorming van die groepe 'n vry gemoedelike saak is en dat die groepe nie baie streng is by die toelating van nuwe lede nie.

'n Klein persentasie van die ppe. sê dat hulle groepe 'n eie kenmerkende kleredrag het en hulle ook streng daarby hou maar die meeste het nie 'n spesiale kleredrag nie en as daar so iets deur die groep voorgeskryf is, is dit nie so bindend dat almal noodwendig daaraan moet voldoen nie. Waarskynlik kan dit daaraan toegeskryf word dat die meeste skole 'n eie skooldrag het en dat dit deur die meeste leerlinge aanvaar is. Hierdie groepe het ook slegs in 'n mate 'n kenmerkende manier om sekere dinge te sê, sodat die groep as sodanig onderskei kan word. Ook hierdie gebrek aan 'n eie kenmerkende spreekwyse kan moontlik gewyt word aan die bestaan van 'n eie spreekwyse onder die leerlinge of studente van besondere gebiede.

Vir/...

Vir die ppe. wat lede van hierdie groepe is, is dit die moeite werd om daaraan te behoort om verskillende redes. Hierdie verskeidenheid van redes dui daarop dat die funksies van die geslote groepe omvattend is en dat elke pp. om sy eie redes aan die groepvorming deel het. Vir die grootste persentasie van die ppe. bied die groep die geleentheid om andere beter te leer ken en te verstaan terwyl 'n sterk persentasie sê dat dit maar net lekker is om aan 'n ding te behoort waar die grootmense niks te sê het nie. Hierdie laaste rede dui veral op die strewe na emansipasie onder die gesag van volwassenes uit en na die stryd wat daar tussen die jeug en ouer geslag bestaan. Ander redes wat aangevoer word, is dat die groep 'n middel is om jongmense van dieselfde leeftyd saam te bind of dat die adolessente hulle in die groep kan uitleef terwyl die persone wat op leierskap aangelê is, in die groep die geleentheid vind om te oefen op andere soos hyself wat ook maar flaters maak en hom nie sal veroordeel oor sy foute nie. Vir die gemengde groepe is daar die geleentheid om omgang met die teenoorgestelde geslag te beoefen en om gesellig met mekaar te verkeer.

Die gegewens dui dus daarop dat die groepe in die skole waaruit ons ppe. getrek is wel bestaan en hulle bestaan regverdig, maar meer nog, dat die groepe in die oë van die seuns en dogters wat lede daarvan is in 'n noodsaaklike behoefte voorsien. Die rol wat hierdie groepe egter speel, is nie van 'n bepalende aard nie en hulle kan nie die gees van 'n skool oorheers nie aangesien minder as eenderde van die leerlinge lede van dergelike groepe is.

(d) Slotsom.

Waar die adolessent in verhouding tot ander jeugdiges staan, vind die bereiking van die opvoedingsdoel onopsetlik en dikwels onbewus plaas. Die een tree nie as

meerdere/...

meerdere en as opvoeder op nie maar die invloed van die een adolessent op die ander wat ook maar dieselfde probleme en tekortkominge het, werk onbewus deur. In die wisselwerking tussen jeugdiges van dieselfde of die teenoorgestelde geslag voed hulle mekaar op tot hoë standaarde en eise wat hulle aan hulself na die voorbeeld van die omgewing stel.

Hierdie opvoeding vind plaas deur middel van gesprekke van lede van dieselfde geslag onderling en ook met lede van die teenoorgestelde geslag. Die gegewens dui op die belangrikheid van gesprekke met mense as een van die opvoedingsmiddels in die sosiale ontwikkeling van die adolessent.

'n Intieme vriend(-in) van dieselfde geslag help die adolessent om te voldoen aan die eise en standaarde van sy ouderdomsgroep terwyl hy ook 'n behoefte het aan 'n intieme vriend(-in) van die teenoorgestelde geslag. Die opvoedkundige waarde van hierdie persoon is dat die adolessent streef om hoë eise van getrouheid t.o.v. hierdie persoon in die daaglikse omgang te handhaaf.

Omdat slegs 25% van die adolessente lede van geslote groepe is, (tabel XXXVII bl. 236 ), is die rol van hierdie groepe in Transvaalse skole nie uitstaande nie. Vir die lede skep dit egter geleenthede om onder die beskerming van die groepe met ander jeugdiges om te gaan want dis die arena waar hulle oefen hoe om in die samelewing daarbuite op te tree.

Die gegewens dui daarop dat die opvoedkundige waarde van ander jeugdiges en hulle invloed in die lewe van die adolessent nie onderskat mag word nie.

- - - - - - - - - - -